

# ST. HENDRIK VAN UPPSALA
## 19 JANUARIE

(sterf 1156)

Hy word vereer as die beskermheilige van Finland. Toe kardinaal Nicholas Breakspear (die latere pous Adrianus IV) Swede en Noorweë in 1151 besoek, neem hy hierdie Engelse priester saam met hom. Tot almal se groot verbasing word hy in Uppsala, die hoofsetel van die Kerk in Swede, tot biskop verkies. Biskop Hendrik was 'n ware sieleherder en goeie biskop. In 1156 vergesel hy die Sweedse koning Erik IX op 'n militêre veldtog na Finland. Daar word hy vermoor deur iemand wat vir 'n onbekende misdaad geëkskommunikeer was en 'n diep wrok teen die Kerk gekoester het.

© Die Oratorium Uitgewery